Uitgawe = Johannesburg Finaal

Ons almal kán moor Om te praat én te luister kan dalk net gesinsmoorde keer

Marida Fitzpatrick

'n Man skiet sy dogters dood, steek hom daarna aan die brand. 'n Ma vergas haar en haar drie dogters. Die vraag op almal se lippe is: hoekom? Marida Fitzpatrick berig.

Siek. Wreed. Selfsugtig. Dí t is die woorde waarmee die meeste mense gesinsmoordenaars beskryf.

Maar mnr. Ian Opperman, 'n sielkundige wat al verskeie dreigende gesinsmoorde ontlont het, sê elke mens het diep in hom of haar 'n geneigdheid om so iets te kan doen.

"Elke mens het 'n afsnypunt waar hy oor die drumpel kan gaan. Al wat ons binne die norm hou, is ons ondersteuningstrukture soos ons familie en vriende."

'n Gesinsmoordenaar is meestal nie 'n psigopaat of iemand met persoonlikheidsversteurings nie, maar normale mense wat nie meer hul laste alleen kan dra nie, sê me. Dukie Mothiba, nasionale direkteur van die Familie en Huweliksvereniging van Suid-Afrika (Famsa).

"Iemand kan emosioneel só van die samelewing geí soleer wees dat hy of sy by 'n punt kom waar hulle nie meer op hul eie kan of wil oor die weg kom nie."

As só iemand nie 'n ander mens het met wie hy kan praat nie, kos dit net die spreekwoordelike laaste strooi om hom oor die drumpel te stoot, sê Opperman.

Woede en wanhoop

Teen die tyd dat 'n vrou saam met haar kinders in 'n motor vol uitlaatgas klim of 'n man sy vrou en seun doodskiet, is hulle oorweldig deur skrikwekkende woede en wanhoop, sê me. Annemi Scheepers, 'n sielkundige van Kempton Park.

"Die vernietigende wete van 'ek gaan nooit weer werk kry nie' in 'n geval van afdanking, of 'ek gaan nooit weer my kinders sien nie' ná 'n egskeiding, maak mense só wanhopig dat hulle nie rasioneel kan dink nie." Tog het navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) bevind die meeste gesinsmoordenaars is rasioneel terwyl hulle die moorde pleeg.

"Die irrasionele tyd is vóór die moord -- wanneer die persoon die wilsbesluit neem," sê prof. Maria Marchetti-Mercer, hoof van die departement sielkunde aan die Universiteit van Pretoria.

Die faktore wat tot 'n gesinsmoord lei, hou verband met die persoon se lewensbeskouing, sê Scheepers. Die samelewing prent byvoorbeeld van kleins af by mans in dat hul selfwaarde gemeet word aan hul vermoë om vir hul vrou en kinders te sorg en die gesin bymekaar te hou.

Sodra 'n man sy werk verloor of deur 'n egskeiding gaan, kan sy selfwaarde verminder tot byna niks, veral as hy geen ondersteuning van familie en vriende kry nie. "Hy sien dan geen toekoms vir hom of sy gesin nie."

Mothiba sê gesinsmoordenaars is onder groot sosiale druk om beter, ryker en meer suksesvol te wees. "Hulle glo hulle het hulself en hul gesin in die steek gelaat."

Kenners kan nie presies sê hoekom 'n gesinsmoordenaar ander gesinslede saam met hom neem nie.

Opperman en Mothiba meen die persoon beskou die moord op 'n verwronge wyse as 'n liefdesdaad. "Hy sien die lewe as 'n wrede, onaangename plek en dink hy doen sy kinders 'n guns deur hulle weg te neem."

'n Ingewikkelde web

Hoewel baie gesinsmoordenaars voor die moord gemoedsversteurings ervaar soos depressie, emosionele onvolwassenheid en swak vaardighede om probleme op te los, is dit nie moontlik om 'n profiel van 'n gesinsmoordenaar saam te stel nie.

"Dit is 'n baie komplekse dinamiek. Mens sal nooit regtig weet wat deur so iemand se kop gaan nie." Opperman glo die meeste gesinsmoordenaars roep vooraf op een of ander wyse om hulp.

"Ná 'n gesinsmoord besef baie familielede en vriende die persoon het eintlik vooraf tekens gegee."

Iemand besluit nie net skielik op 'n dag om hom- of haarself en die gesin uit te wis nie. Dit kom met 'n lang, uitmergelende pad -en dié pad is gewoonlik besaai met leidrade, hulpkrete en waarskuwingsligte, sê Opperman.

Volgens Mothiba kan minstens een voortslepende probleem by elke gesinsmoordenaar geí dentifiseer word. Dikwels is dit 'n ingewikkelde web van probleme geweef uit moeilike werksomstandighede, 'n ongelukkige huwelik en geldkrisisse. Dikwels flits die waarskuwingsligte helder en duidelik in 'n openlike dreigement van selfof gesinsmoord. Mothiba sê familielede en vriende maak telkens die fout om dié hulpkrete te ignoreer.

"Dreigemente moet altyd ernstig opgeneem word, ongeag in watter verband dit gemaak word." Dit hoef nie só ver te gaan nie, sê Marchetti-Mercer. "Mense moenie wag tot die bom letterlik bars nie. Kry betyds hulp."

Sy sê depressie oor finansiële, huweliks- of beroepsprobleme moet so gou moontlik aangepak word. "Hanteerbare probleme lyk uiteindelik vir die gesinsmoordenaar onoorkombaar as iemand dit nie vir hom in perspektief stel nie."

Een van die grootste redes hoekom mense nie betyds hulp soek nie, is omdat die meeste glo iets verskriklik soos 'n gesinsmoord kan nie met hulle gebeur nie, sê Mothiba. "Maar niemand is immuun teen gesinsmoord nie. Dit gebeur in alledaagse families met alledaagse probleme."

Volgens Mothiba plaas die media en ander instellings groot druk op gesinne om "volmaak" te wees. "Tog is geen gesin volmaak nie. Ouers moet net besef dit is nie 'n skande om 'n disfunksionele gesin te hê nie.

"Ons almal kom soms by 'n punt waar ons voel ons kan nie meer ons omstandighede hanteer nie. Dan moet iemand ons help besef dat elke probleem 'n oplossing hét."

Praat met mekaar!

Ongelukkig is daar nog 'n stigma aan sielkundige hulp, sê Marchetti-Mercer.

"Boonop is dit nie baie toeganklik nie, veral nie vir dié sonder siekefondse nie."

Mense moenie dat kommer oor geld in hul pad staan om hulp te kry nie, sê Mothiba. "Organisasies soos Famsa sal nooit iemand wegwys nie. Kerkgroepe help ook graag."

Opperman benadruk die hulp hoef nie noodwendig deur amptelike kanale te kom nie. "Mense moet met mekaar praat. As 'n man byvoorbeeld sy vrou genoeg vertrou om vir haar te sê hy kan nie meer nie, sal hy waarskynlik nie gesinsmoord pleeg nie. Probleme is draagliker as daar goeie menseverhoudings is."

Ongelukkig leef ons in 'n samelewing met 'n "elkeen vir homself"-mentaliteit en 'n kultuur van stilswye, sê Mothiba. "Dit is tyd dat ons na mekaar begin uitreik. Ons moet die stilte verbreek en sorg dat niemand só swaar aan sy vrag dra dat hy en sy hele gesin daaronder knak nie."